

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD

JAAR 18 # 7 • 11-10-2010 • YEAR 18 # 7

MONTHLY STAFF NEWSLETTER

*Die US laat volhoubaarheid nou by al sy kernfunksies inskakel*


## Volhoubaarheid geïntegreerd aangepak

Om 'n volhoubare omgewing te bevorder, val onder een van die vyf ontwikkelingstemas van die Universiteit se Hoop Projek – maar dit raak elke faset van die US se operasionele omgewing – nie net dié projek se akademiese inisiatiewe en talle ander navorsingsprojekte op kampus nie.

"Die Universiteit is verbind tot volhoubaarheid," sê prof Russel Botman, die Rektor en Visekanselier. "Die Institusionele Beplanningsforum, saamgestel uit die US se leierskorps, het volhoubaarheid ook bevestig as een van ons fokusareas vir die volgende paar jaar."

"Ons sien volhoubaarheid as 'n integrale deel van al die Universiteit se kernfunksies. Dit is dus nie net om 'groen' te wees nie, maar ook oor hoe volhoubaarheid reflektereer binne leer en onderrig, binne navorsing en binne gemeenskapsinteraksie. Ons is uiteraard ook sensitief vir die voetspoor wat ons aktiwiteite – byvoorbeeld geboue, proefphase en tuine – op die omgewing laat."

Daar is reeds 'n verskeidenheid aksies rondom volhoubaarheid op die kampus. Op akademiese vlak is daar onder meer die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies, die Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie en die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut.



bestuur is een van die Universiteit se afdelings wat praktiese uitvoering gee aan volhoubaarheid. "Ons is verbind tot die skep en instandhouding van dié toonaangewende kampusomgewing in Suid-Afrika en een van ons strategiese drywers wat hieruit volg, is om volhoubaarheid in vennootskap met ander belanghebbers in die Stellenbosch-omgewing te bevorder," sê Chris Munnik, Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur.

Fasiliteitsbestuur behartig nou onder meer die volgende volhoubaarheidsinisiatiewe:

(vervolg op bl. 3)

**D**ean of Science Prof Eugene Cloete (photo) is the only representative from Africa to be inducted into the new Fellows Programme of the International Water Association (IWA).

The IWA is the largest international association for water professionals. Its Fellows Programme recognises unusual and outstanding distinction in the water profession.

This microbiologist recently made national and international headlines as the inventor of a teabag water filter, which ensured invaluable interest in research done at SU.

The new Fellows Programme was launched during the IWA World Water Conference in Montreal, Canada. The group of 34 fellows includes researchers, water resource managers, inventors and academics from all over the world, including Japan, the USA, Britain, Mexico, Germany, Spain and the Netherlands.

Election to IWA Fellow grade one is one of the

## Dean becomes water envoy for Africa



highest honours the Association can bestow on an individual.

"It is conferred by the IWA Board of Directors on a person with an extraordinary record of accomplishments that has contributed importantly to the advancement of application of water science and technology and that has brought the realisation of significant value to society," according to the IWA.

Cloete serves on the IWA Biofilm Specialist Group, and is a past vice-president and IWA board member. He is a member of the Coca-Cola World Water expert panel and chairs the Academy of Science of South Africa committee on poverty and technology.

He is the driving force behind the new Stellenbosch University Water Institute. This NRF B1 rated scientist holds nine patents and has published 122 scientific papers.

— ENGELA DUVENAGE

Op die Web / On the Web: <http://www.sun.ac.za/kampusnuus>



### NUUS

Tegnologie maak geboue veiliger



### RESEARCH

Young maths professor wins medal



### BOOKS

A new look at horses, humans and history



### ARTS

Guitar CD to be launched at Endler concert



### DIENSTE

Span sorg vir vinniger dienslewering



*Wees bakgat vir die hartstaal, sê sanger*

**D**avid Kramer en sy kitaar toe hy onlangs by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se Woordpret opgetree het. By hom is die WAT se direkteur, dr Willem Botha, wat 'n eksemplaar van die Elektroniese WAT aan die sanger oorhandig het.

Kramer het hom verbind as ondersteuner aan die nuwe WAT-projek, Borg 'n Woord. "Afrikaans is die taal van my hart," sê hy. "Dit sal bakgat wees as almal deelneem aan Borg 'n Woord! Kom ons help die WAT om dié hartstaal, wat so 'n groot deel van ons menswees vorm, te verewig."

R20 000 kan gewen word met Borg 'n Woord – wat op Internasionale Woordeboedag, 16 Oktober, begin. Kry inligting hieroor by 021 8873113 of wat@sun.ac.za of gaan na www.wat.co.za

Op 15 Oktober tree Charlene Truter by vanjaar se laaste Woordpret op. Bespreek plek by die telefoonnummer hier bo.



## Gerekende navorsing word dekaan by Tygerberg

'n Internasionaal erkende navorsing in gesondheidswetenskappe, prof Jimmy Volmink (foto), word in Januarie dekaan van Gesondheidswetenskappe.

Hy het in 2006 hier as Visedekaan: Navorsing aangesluit. Onder sy leiding was daar onder meer 'n 30% groei in publikasies in geakkrediteerde vaktydskrifte, navorsingsbefondsing het versesdubbel, 'n internasionaal erkende M-graad in kliniese navorsing is ingestel en 'n nagraadse kantoor is gevestig.

Volmink het in Kaapstad gestudeer en as huisarts en distriksgenesheer in die Mitchells Plain-omgewing gewerk. Daarna het hy by Harvard

(VSA) verder gestudeer, 'n doktorsgraad by Oxford behaal en spesialis-navorsingsposisies beklee, onder meer in die VSA.

Naas vier boeke en 'n opleidingshandleiding het hy 94 wetenskaplike artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer en hy dien in die Academy of Science of SA se raad.

Hy het diens gelewer aan vele internasionale organisasies – soos die Wêrelde Gesondheidsorganisasie en 'n wêrelaprogram vir navorsing en

opleiding in tropiese siektes.

In 2005 was hy gasredakteur van die *British Medical Journal* se spesiale uitgawe oor Afrika.

## Drie kry eregrade

**D**ie US ken binnekort eredoktorsgrade toe aan 'n Afrika-sakeleier, mnr Whitey Basson, die internasionaal gevilde visuele kunstenaar Marlene Dumas en mnr Tito Mboweni, gewese SA Reserwebankvoorsitter.

**Basson** staan aan die hoof van die grootste voedsel-kleinhandelsonderneeming in Afrika. Hy is besturende direkteur en hoof uitvoerende beampie van Shoprite Holdings Bpk – Afrika se grootste voedsel-kleinhandelsgroep.

**Dumas** het in Stellenbosch grootgeword, in Kaapstad gestudeer en in 1975 in Nederland gaan woon. Van haar werke is in voorste internasionale versamelings en sy is van die hoogs betaalde lewende vroulike kunstenaars ter wêreld.

**Mboweni** het 'n leiersrol in Suid-Afrika se ekonomiese beleid gespeel – onder meer as voorsitter van die transformasiekomitee van die ANC se nasionale uitvoerende komitee, arbeidsminister in die Mandela-kabinet en Reserwebank-voorsitter.

## FROM THE EDITOR'S DESK / VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



Sustainability is more than just a buzz word. Worldwide, it is a foregone conclusion that the sustainability of our planet is at stake.

This also affects the environment where one works – and at Stellenbosch University we are fortunate to have very pleasant surroundings, our beautifully maintained and scenic campus.

The lead story in this issue of *Kampusnuus* tells about the University's wide-reaching efforts to incorporate sustainability into all facets of the institution's activities. This ongoing process is something to be really proud of.

In an inspiring new South African leadership development initiative, the public executive development and training company of the University of Stellenbosch Business School has joined forces with the world renowned Stanford University in America to address some of the most urgent challenges facing South Africa by providing a series of executive programmes for the next generation of South African leaders.

Another American university, in Los Angeles, is partnering to present an adapted version of a prestigious US ethics competition to students in accounting at Stellenbosch – to give them a taste of business ethics in the "real world."

Stellenbosch and five other SA higher education institutions have entered into a student and staff mobility agreement with eight European universities – made possible by a substantial award from Europe.

A 27-year old mathematics associate professor has won a prestigious medal for his research excellence, and his dean has been elected as the only representative from Africa to be inducted into the new Fellows Programme of the International Water Association.

An important conference on campus recently reflected about the state of democracy in Africa over the last decade – a reflection that did not present an entirely rosy picture, despite many redeeming activities occurring on our continent.

At a conference elsewhere in South Africa, eight members from the School for Security and Africa Studies at the Faculty of Military Science at Saldanha attended a military history conference where they delivered ten papers – on subjects that ranged from our country's first battles to commemorating military milestones in Southern African military history.

On the Stellenbosch campus, an historian fused her passion with her work in writing about another breed of colonisers – the horses that "helped those who did the trampling" and were themselves "key to the colonial economies in southern Africa".

Read on the back page about the University's proactive measures to maintain our buildings and infrastructure. And on the centre-spread pages there's a story about ten million rand to be invested over five years to safeguard campus buildings from unwanted intruders.

There is more to read about in this issue of *Kampusnuus*. Sustainability may not be a buzz word, but on campus there is a lot of buzzing going on.



## Postdocs need effective support network

**T**he period in an academic's career between completing a doctorate and obtaining tenure – a more or less permanent job – in a research institute or university is typically characterised by a number of short term contracts or independent research grants as Postdoctoral Research Fellows, commonly known as 'postdocs'. This is a period of exceptionally high productivity.

Already working at the cutting edge of their individual fields, but yet to be bogged down with a heavy teaching load, postdocs have the opportunity to broaden their experience in different institutions, to concentrate on publishing high quality research, and to interact with diverse collaborators and students.

This is however also a period of relative insecurity. Postdoc contracts are short, and the chances of obtaining further funding or a permanent position are dependent on performance: that means publish, or perish. Whilst academically stimulating, moving between research institutes – and even between countries – is also challenging and sometimes stressful. The importance of an effective support network for postdocs cannot be underestimated.

The Postdoctoral Society (PDS) at Stellenbosch University (SU) is just that: a network of researchers backed by the knowledge and experience of the University's International Office and the Department for Research and Development which seeks to address issues common to postdocs and to act as a focus for academic and social activity for the postdoctoral community.

There are plenty of excellent reasons to do a postdoc in South Africa, but not

everything runs as might be hoped, and it is a further function of the PDS to bring critique to the ears of those in a position to improve matters.

The concept of the postdoc in South Africa is still in its infancy. Whilst postdocs form the backbone of many overseas research groups, there are relatively few at SU – only 134 last year, compared with approximately 700 permanent research staff.

Perhaps because of these relatively low numbers, postdocs in South Africa are still placed in the same tax category with undergraduate and graduate students. Tax free status means that experienced researchers can be employed at effectively half the real cost, but this comes with a raft of drawbacks.

The most serious of these is the lack of social provisions such as health, unemployment, and pension schemes. Such employment benefits are standard for postdocs overseas (and often also for PhD students) but in South Africa would represent a violation of the conditions for tax exemption.

Further disadvantages are restricted access to facilities and funding earmarked exclusively either for permanent staff or for students, and no formal recognition for supervision of students.

The stubborn persistence of the parochial phrase 'postdoctoral student' (a contradiction in terms anywhere else in the world) can feel like 'insult to injury' to the ears of a career researcher whose vocational training (up to a decade or longer in higher education) may already be a number of postdoc contracts. These issues reduce the competitiveness of postdoc research

positions in South Africa, which inevitably impacts on the quality of research.

This is all the more reason for a prominent role of the PDS in increasing awareness and providing support for postdocs. A good example of the kind of academic events organised by the PDS is last year's Postdoc Symposium, which included a number of short talks by postdocs and plenty of opportunity to build networks across research fields. This year the event (on 28 October) will include contributions from postdocs from UCT, UWC and CPUT.

The PDS addresses further practical issues relating to research, both in its monthly general meetings, to which guest speakers are regularly invited, and in special seminars.

An example of a special seminar is last year's meeting on South African National Research Fund rating – a formal assessment of a researcher's past record and future promise which can open up opportunities for funding through the NRF, and postdocs with good CVs are strongly encouraged to apply.

As well as providing professional support, the PDS organises social events and it is actively engaged in environmental and social issues.

- Read more about the society on:  
<http://www.sun.ac.za/postdocsoc> and  
[blog http://blogs.sun.ac.za/pds/](http://blogs.sun.ac.za/pds/)

– DR JAMES J MEIRING  
Chairperson, Postdoc Society,  
Stellenbosch University

**Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, brieve en Kampusklets oppie Rooiplein! is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die Kampusnuus-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.**

## NMG NewsFlash / NMG NuusFlits

Graag stel ons u in kennis dat die mediese-skema-inligtingsessies vanjaar op die volgende datums sal plaasvind (navrae: Chantel Smith, tel: 021 808 4827):

Datum	Tyd		
	09:00 – 11:00	11:00 – 13:00	14:00 – 16:00
Maandag 25 Okt 2010	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek
Woensdag 27 Okt 2010	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek	Pensioenaris Ouditorium, JS Gericke Biblioteek	English Ouditorium, JS Gericke Biblioteek
Donderdag 28 Okt 2010	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek
Vrydag 29 Okt 2010	Tygerbergkampus Lesingsaal 8 Onderwysgebou	Bellvilleparkkampus Kamer 103 Van Der Horstgebou	
Dinsdag 2 Nov 2010	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek	Pensioenaris Ouditorium, JS Gericke Biblioteek	Ouditorium, JS Gericke Biblioteek

We would like to advise that this year's medical scheme information sessions will take place on the following dates (enquiries: Chantel Smith, tel: 021 808 4827):

Date	Time		
	09:00 – 11:00	11:00 – 13:00	14:00 – 16:00
Monday 25 Oct 2010	Auditorium, JS Gericke Library	Auditorium, JS Gericke Library	Auditorium, JS Gericke Library
Wednesday 27 Oct 2010	Auditorium, JS Gericke Library	Pensioners Auditorium, JS Gericke Library	English Auditorium, JS Gericke Library
Thursday 28 Oct 2010	Auditorium, JS Gericke Library	Auditorium, JS Gericke Library	Auditorium, JS Gericke Library
Friday 29 Oct 2010	Tygerberg Campus Lecture Hall 8 Teaching Wing	Bellvillepark Campus Room 103 Van Der Horst Building	
Tuesday 2 Nov 2010	Auditorium, JS Gericke Library	Pensioners Auditorium, JS Gericke Library	Auditorium, JS Gericke Library

# Democracy in Africa 'not a rosy picture'

Reflecting on democracy in Africa over the last decade, does not present a very rosy picture, said Prof Amanda Gouws, Vice-President of the South African Association of Political Studies, following its recent bi-annual conference that was hosted by the Political Science Department at Stellenbosch.

Gouws, a professor in this department, says human rights violations are still commonplace in many African countries, where democracies are backsliding to authoritarian states. "Of course there are also many redeeming activities occurring in Africa such as examples of countries where regular elections are organised and where there is a genuine attempt to implement democratic governments."

The conference, early in September, focused on *Democracy in the first decade of the 21st century*. It touched on issues such as conflict and security in Africa, the quality of democracy, xenophobia and gender based violence, South Africa's international relations and comparative democratic institutions and electoral behaviour.

The Association (SAAPS) is the official body of the disciplines of Political Science and International Relations in South Africa. Its primary

international affiliations are the International Political Science Association (IPSA) and the World International Studies Committee (WISC).

A highlight of the conference was a keynote panel discussion which focused on *The State of Democracy in South Africa* – featuring scholars and social commentators such as the independent political analyst Max du Preez, Prof Shireen Hassim (Wits University), Prof Robert Mattes (UCT) and Ms Judith February, an IDASA political analyst.

Gouws said Mattes "demonstrated by using statistics how, despite the African National Congress always taking the lead in national elections, the percentage of voters participating in the elections was in fact declining." Hassim focused on "how the misogynistic discourse of the ANC Youth League undermines gender equality while Judith February focused on the

importance of institutions and how they have been undermined over the last ten years." Du Preez offered "a thought-provoking analysis of the Zuma government, how it has undermined freedom of speech and the increasing allegations of corruption within government circles.

It was the first time that the conference was held at Stellenbosch University in 23 years. The association provided travel grants to ten delegates from India and elsewhere in Africa to attend. The conference also attracted international delegates and participants from as far afield as Australia and the United Kingdom. Gouws was re-elected as Vice-President of SAAPS for a second term.

She said it is important for the University to be involved in political science conferences of this nature and to be represented within associations like SAAPS, "because it brings to-



Hennie Rudman

Prof Amanda Gouws with Prof Dirk Berg-Schlosser of Münster, Germany, who presented the main session at the SAAPS conference, and Prof Heidi Hudson, President of SAAPS.

gether a global academic community of political scientists to discuss groundbreaking research and build up national and international networks.

The conference delegates were extremely impressed with the facilities at the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) where they met resident researchers. "This exposure was very good for the reputation of

the Political Science Department and the university."

The delegates issued a press release reflecting their concerns about the Protection of Information Bill and the impact that it might have on research at higher education institutions on for example misadministration, corruption, political and foreign policies or security.

**Prof Wieland Gevers (links), 'n voormalige president van die Academy of Science of South Africa, was die gasspreker by 'n ontstaal waar US-navorsers erkenning gekry het en vir hul bydraes bedank is. Hy het gepraat oor hoe 'n universiteit 'n dinamiese intellektuele kultuur kan bevorder. By hom is dr Therina Theron, senior direkteur van Navorsing en Innovasie, en prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing. Die US gee gereeld vir topnavorsers op kampus toe-kennings en prys. In die afgelope twee jaar is sowat 40 toe-kennings aan US navorsers gemaak – van prestasierende nasionale tot internasionale erkennings.**



## Business in Africa under the spotlight

USB Executive Development (USB-ED), public executive development and training company of the University's Business School, hosts a workshop in Gauteng on 23-24 November about the potential and pitfalls of doing business in Africa, and on how obstacles can be bridged. The workshop is aimed at individuals, consultants or organizations that do business elsewhere in Africa, or want to do so. Representatives of two of South Africa's leading trading nations, Kenya and Ghana, will do presentations on what they need from investors and how best to approach business in these countries. Locally listed companies will do presentations on what worked or didn't work during their entry into Africa. See [www.usb-ed.com](http://www.usb-ed.com) or contact Anne Engelbrecht at 021 918 4482 or [anne.engelbrecht@usb-ed.com](mailto:anne.engelbrecht@usb-ed.com) for more information.

# Volhoubaarheid by US nou geïntegreerd aangepak

(vervolg van bl. 1)

## ■ Installerings van energiemeters en draadlose modems

In die eerste fase van dié projek word 90 meters en 66 modems geïnstalleer sodat energieverbruik in die onderste geboue regoor kampus gemeet kan word en inligting dan deur die modems na Fasiliteitsbestuur: Eindomsdienste gestuur kan word. Die PowerWatch-program monitor dan die inligting om afwykings te identifiseer en beter energibenutting te bestuur.

## ■ Energie-oudits

'n Reeks energie-oudits is al op sekere energie-intensieve kampusgeboue gedoen om die besparingspotensiaal te ondersoek. 'n Warmwaterondersoek word ook nou by die Goldfields-kosuis gedoen.

## ■ Stortkope

Alle stortkoppe by universiteitskoshuise is vervang – vir energieverbruik en wesenlike waterbesparing.

## ■ Geboubestuurstelsel

Uitgediende geboubeheerstelsels word met 'n moderne bedryfs- en bestuurstelsel vervang om voorsiening te maak vir die sentrale beheer en bestuur van lugversorgingstelsels, die beheer van noodkragopwekkers en 'n

lasbeheerstelsel. 'n Uitvoerbaarheidstudie word tans vir dié projek gedoen..

## ■ Alternatiewe energiebronne

Nege sonwaterverwarmers is in 2009 by die Bellvista Lodge-anneks in Bellville geïnstalleer. Sonwaterverwarmers gaan moontlik ook met aanstaande jaar se opknapping van die elektriewe behuisingswoonstelle in Tygerberg en by die beplante Ukwanda Landelike Kliniese Skool op Worcester gebruik word. Weens die voortdurende styging in elektrisiteitskoste – en omdat waterverwarming een van die grootste komponente van energieverbruik in kosuisse is – kan dié projekte lei tot groot besparings en volhoubaarheidsinisiatiewe. Die Universiteit het meer as twintig jaar gelede al in die meeste kosuisse hitte-pompe vir waterverwarming geïnstalleer – wat drie eenhede krag opwek vir elke eenheid elektrisiteit wat gebruik word.

## ■ Waterfonteine

Die getal plastiekwaterbottels wat op kampus gebruik word, kan drasties verminder word met die oprigting van waterfonteine – 'n projek wat nog in die kosteramingstadion is.

## ■ Kampus-vervoerplan

Die Universiteit oorweeg die ontwikkeling van verskeie fietsstasies en veilige fietsstoarreas as deel van die landskapmeesterplan. Die eerste stasie is reeds langs die Neelsie opgerig. Dit sal studente en personelede aan-

moedig om eerder fiets te ry sodat minder uitlaatgas in die atmosfeer vrygestel word. 'n Geïntegreerde vervoermeesterplan is ook reeds in 'n gevorderde stadium van ontwikkeling en behoort in die eerste semester aanstaande jaar geïmplementeer te word. Die oogmerk is om meer parkeer buite die sentrale kampus te voorsien, die gebruik van motors op die sentrale kampus te ontmoedig en dit met pendeldienste en fietse te vervang.

## ■ Waterfonteine

Die getal plastiekwaterbottels wat op kampus gebruik word, kan drasties verminder word met die oprigting van waterfonteine – 'n projek wat nog in die kosteramingstadion is.

## ■ Bukashi-kombuisafvalprojek

Die Bukashi-kombuisafvalprojek word nou na nog kampuskombuis uitgebrei om die kombuisafval wat na stortingsterreine geneem moet word met die helfte te verminder. Die Bukashi-stelsel gebruik mikrobes wat die afval afbrek tot 'n produk wat op komposhoope gebruik kan word. Kombuisafvalstowwe word twee keer per week verwyn. Tabel 1 (links onder) toon die huidige statistieke.

## ■ Koshuisafvalstowwe

Nat en droë afvalstowwe word by koshuise geskei voordat die munisipaliteit dit verwyder en die droë afvalstowwe herwin word. Dié projek het al verhoed dat sowat 51 000 kg afvalstowwe op stortingsterreine beland. Tabel 2 (regs onder) toon die maandelikse statistieke hiervoor.

## ■ Kompos

Die Universiteit het reeds 300m<sup>3</sup> kompos uit US-tuine benut. Dié projek bevorder waterbehoud en grondstruktuur en lei tot beter groei in tuine.

## ■ Uile

Saam met die plaaslike munisipaliteit en die Spier-wynlandgoed installeer die Universiteit uilhuse om uile te lok en knaagdiere só te beheer.

## ■ Roofvoëls

Die gebruik van roofvoëls, voëlnette en ultrasoniese toestelle word nou ondersoek, vir die doeltreffende beheer van skadelike voëlpesies op die kampus. Die projek is al suksesvol by die Bellvillepark-kampus toegepas en voëls wat gevang is, is in Ceres vrygelaat.



## ■ Bewaring van berggronde

Die paaie en geërodeerde gebiede op berggronde word nou gerehabiliteer en as gevolg daarvan word reënwater na damme gekanaliseer. Verouerde bome en takke word ook in bloekomplantasies uitgedun en gebruik om wandelpaaie en bergfietsroetes te herstel. Die bewaring van die US se bergerreine word in vennootskap met die Departement Bos- en Houtkunde bestuur.

## ■ Boomplantprojek

Die Tygerbergkampus het vanjaar reeds dertig bome uit die kusfynbos en strandveld-biome, wat goed in die sanderige streek aard, aangeplant. 'n Soortgelyke inisiatief is ook by die Stellenbosch-arboretum begin.

**Hoewel Fasiliteitsbestuur op 'n verantwoordelike wyse besig is om volhoubaarheid binne die operationele omgewing te integreer, is energiebesparing hoog op hul lys van verantwoordelikhede. Hulle beplan dus om voor die einde van hierdie semester met 'n aktiewe veldtog vir die bevordering van energiebesparingsbewustheid op die Universiteit se kampusse te begin.**



# Tegnologie gaan sorg vir veiliger geboue

Nie net studente, personeel en kontrakteurs beskou die Matie-kampusse as hul werkplek nie. Etlike ongemagtige betreders, en selfs rowers, teiken Matieland as hul daaglikse (en nagtelike) "brood en botter"!

Maar die dae wat Jan Alleman "ongesien" toegang kon verkry tot US-geboue is amper verby. Die kampusse word in die volgende paar maande toegerus met gevorderde toegangsbeheer-tegnologie om geboue veiliger te maak.

Verskeie afdelings, waaronder Fasiliteitsbestuur, Informasietegnologie en RGA-bestuurders, het kennis en ervaring gegoel om 'n geïntegreerde toegangsbeheerstelsel te kies wat geboue toeganklik gaan maak vir ongemagtige US-gebruikers – maar ontoeganklik vir kriminele.

Die US-bestuur het onlangs die groen lig gegee vir die eerste fase om geïntegreerde toegangsbeheer by US-geboue in werking te stel. Die projek, met 'n beraamde koste van R10 miljoen, gaan oor vyf jaar inskop en

80% van die toegange sal binne drie jaar al beveilig wees.

Bestaande kaartleser-toegangsbeheer word aangevul met kringtelevisie en interkomstelsels. Geboue hoef dus nie meer bedags oop te staan om toegang aan besoekers – én kriminele – te bied nie. Omgewingsbestuurders sal dus hul voordeure bedags kan toehou. Studente en personeel sal deur hul toegangskarte in geboue kan ingaan, terwyl besoekers deur kringtelevisie sal aanmeld en uitgeklaar word voordat toegang aan hulle verleen word.

Die projek se eerste fase behels die installasie van kringtelevisiekameras by al die koshuise. Die beplanning en voorbereiding vir die installasies het verlede jaar al begin en die resultate hiervan gaan binnekort sigbaar wees.



USBD-lede in die beheerkamer by van die plasmaskerms waarmee toegangsbeheer dag en nag dopgehou kan word.

'n Multidissiplinêre projekspan van Fasiliteitsbestuur se afdeling Risiko en Beskermingsdiens (R&BD), Komersiële Dienste, Koshuisadministrasie en Informasietegnologie het die afgelope winterreses al die nagenoeg 30 US-koshuise besoek om bestaande toegangsbeheer-infrastruktuur en -prosedures te laat inskakel met die nuwe toerusting wat bygevoeg gaan word.

Komersiële Dienste het reeds sowat R2,7m bewillig vir die nage-

noeg 120 kameras wat by die koshuise geïnstalleer gaan word. Volgens die projekplan behoort die kameras teen die einde van vanjaar al 'n wakende oog oor koshuise se voordeure te hou.

Die beelde gaan nie net op hardeskyf opgeneem word nie – die R&BD kringtelevisie moniteringskamer is reeds operasioneel en gebruik groot plasmaskerms om beeld van die straatkameras 24 uur per dag dop te hou. Die kameras wat by die koshuise

geïnstalleer word, gaan ook aan die moniteringsfasilitet gekoppel word.

Na voltooiing van die projek se eerste fase by die koshuise volg die akademiese en administrasiegeboue.

Ongemagtiges wat tot dusver vrylik in universiteitsgeboue kon ingaan, word dus binnekort uitgehou. Die oogmerk is dat die kampusgemeenskap hul fasiliteite salervaar as 'n veilige onderrig-, werk- en woonplek.

– PRISCILLA BOOYSEN

## Amerikaners help met program oor leierskap

**USB Bestuursontwikkeling (USB-BO)**, die US se publieke bestuursontwikkeling- en opleidingsmaatskappy, en Stanford Universiteit in Amerika bied 'n inspirerende Suid-Afrikaanse leierskap-ontwikkelingsprogram aan – onderskryf deur internasionaal beproefde onderrig- en navorsingsvaardighede.

Dit behels hulp van die Silicon Valley-gebaseerde *Stanford Center for Professional Development* (SCPD), wat van die grootste uitdagings in Suid-Afrika saal aanspreek – deur 'n reeks bestuursprogramme vir die volgende geslag SA leiers.

Die program, *Innovative Futures*, wil die kritiese gaping in bestuursvaardighede wat die SA ekonomies ondermy, oorbrug – deur beproefde internationale metodes in probleempolossing en die ontwikkeling van vooruitsiendheid-vaardighede wat deur die Universiteit Stanford ontwikkel is.

Die program is gemik op senior bestuurders in openbare beleid, inter-

nasjonale aangeleenthede en verwante saketerreine, én op loopbaanpraktisyens en staatsamptenare verantwoordelik vir nasionale-, streeks- en plaaslike innoverende inisiatiewe.

Deelnemers aan die vierdag-program kry 'n sertifikaat van beide die Stanford Sentrum vir Professionele Ontwikkeling en die US. Dit word in Oktober aangebied, by die US se Sakeskool in Bellville en daarna in Johannesburg.

Stanford is 'n rolspeler in die opkoms van Silicon Valley, tuiste van die wêreld se grootste tegnologiemaatskappye, waaronder Apple, Adobe, Google, Yahoo, Facebook, Intel, Cisco en HP, om maar



enkeles te noem.

USB-BO se uitvoerende hoof, Frik Landman (foto), sê die inisiatief met Stanford is 'n "belangrike coup vir 'n Suid-Afrikaanse sakeskool. Suid-Afrika se jong leiers het geweldige potensiaal, maar toegang tot die regte opleidingsgeleenthede kortwiek hulle dikwels."

Kyk [www.usb-ed.com](http://www.usb-ed.com) of kontak samantha.diedericks@usb-ed.com of 021 918 4479.

## Lente Onderrigakademie October 26-27 Oktober Spring Teaching Academy

Sentrum SOL  
Onderrig en Leer  
Tzila Fundisa notlwazi  
Centre CTL  
Teaching & Learning

Die lente bring nuwe energie en inspirasie – ook vir onderrig aan die US! Op 26-27 Oktober bied die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) die jaarlikse Lente Onderrigakademie aan.

In drie parallelle sessies op dié twe dae is daar 'n reeks werkswinkels oor professionele onderrig. Elkeen duur van twee en 'n half uur tot 'n hele dag, oor 'n wye spektrum onderwerpe.

Vanjaar se Onderrigakademie sluit tien nuwe werkswinkels in – oor onder meer die benutting van assessering om studenteleer te rig, hoe om navorsing oor onderrig gepubliseer te kry, 'n praktiese benadering tot onderrig binne die T-opsie, onderrig in groot klasse ('n waarderende benadering tot diversiteit en getalle), die gebruik van vermengde leer ("blended learning") vir meer doeltreffende onderrig en leer, hoe studente gerig kan word om verantwoordelikheid vir hul eie leer te aanvaar, en die gebruik van vroeë assessering om studentesukses te faciliteer.

Volgens die 2009-Onderrigakademie se terugvoer was die werkswinkels 'n waardevolle ervaring vir die deelnemers. "Die Lente-akademie het my die geleentheid en 'thinking tools' gegee om te reflektereer oor my huidige onderrigpraktiese en idees om dit te verbeter," het een dosent gesê, en verskeie ander deelnemers het opgemerk dat die werkswinkels se praktiese aard baie nuttig was.

Kry die volledige 2010-program, opsommings van die werkswinkels en 'n inskrywingsvorm by [http://www.sun.ac.za/sotl/Lente\\_Akademie/index.html](http://www.sun.ac.za/sotl/Lente_Akademie/index.html) en registreer so gou as moontlik. Dr Karin Cattell by [kcattell@sun.ac.za](mailto:kcattell@sun.ac.za) of 021 808 3074 kan meer inligting versaf.

## Educating leaders to offer skills to others

As a Muslim woman Shamim Omar at times found it quite difficult to engage in public discussions around sexual matters. But a Stellenbosch University (SU) short course, Leadership beyond South Africa, equipped her with a variety of skills that she can take back to Kenya, her home country in East Africa.

"Discussions between the course leader and students were very frank. The students came from different backgrounds and the course forced all of us to discuss issues that are not necessarily addressed in our own communities," says Shamim who is doing her doctorate in electronic engineering at SU.

The programme for postgraduate students, which ended at the end of September, was introduced for the first time this year by SU's Office for Institutional HIV Co-ordination (OIHC), in association with the University's Postgraduate and International Office.

It was presented over ten sessions of two hours each. The students were mainly from foreign African countries with a few from Europe, the Americas and South Africa. They are all studying at SU.

"There is a great demand from students to participate in peer education programmes," explains Monica du Toit, OIHC Manager. "It ties in with the University's HOPE Project, which is aimed at making SU more relevant to society by addressing pressing problems experienced by people in South Africa and elsewhere on the continent."

There is "a huge foreign student population right here on campus," she says. "It made sense to present the programme at SU. We want to empower our students to initiate HIV education programmes once they are back in their own countries and communities. They are leaders who can make a huge impact in educating others about HIV/Aids."

The course is intense, with students learning not only biomedical facts about HIV and how the virus is spread, but also about the politics surrounding

HIV/Aids, as well as sexuality and gender issues.

